## DISKUSSIE

Dr. Dirk Fourie van Die Algemene Regskommissie Algemene Sinode Nederduitse Gereformeerde Kerk Bryanston, skrywe:

Ek het so pas kennis geneem van die Maart-uitgawe van *In die Skriflig,* waarin verskillende interessante artikels gepubliseer is.

Prof. L. Roeleveld van Natal het 'n aantal kritiese opmerkings oor my proefskrif gemaak, waaruit blyk dat ons prinsipieel van mekaar verskil oor die aard van die kerkverband. Broeders wat belangstel, moet liewer die proefskrif self (natuurlik in sekere opsigte reeds verouderd) opneem en bestudeer en daarna hul eie gevolgtrekkings maak. In elk geval het ek besluit om 'n paar artikels in DIE KERKBODE oor hierdie aangeleentheid te skryf. Oor die interessante vraag of 'n gemeente uit die kerkverband kan tree, het ek gehandel in 'n artikel in DIE KERKBODE van 8 Desember 1976. Hierdie hele aangeleentheid is nou op die prioriteitslys van die Tussenkerklike kommissie.

In dieselfde publikasie, op p 46, het B S die volgende stelling gemaak: "Ek meen dat dit eie is aan die genootskaplike kerkbegrip (vgl by D C G Fourie, soos elders in die uitgawe bespreek deur L Roeleveld) om 'n sigbare eenheidskerk (wat met kerkverband of sinode vereenselwig word) te veronderstel wat in die sogenaamde plaaslike kerk (asof daar ook 'n nie-plaaslike kerk is) uitdrukking vind". Uit hierdie mondvol meen ek die volgende afleidings te maak:

1. B S *beskou Fourie 'n voorstander van die genootskaplike kerkbegrip.* Hierop pleit ek totaal onskuldig. My groot stryd lê juis daarin om die kerkregtelike standpunt wat ons howe huldig, teen te staan.

Ons howe handhaaf nog steeds artikel 8 van Ord 7 van 1843 (wat reeds in 1961 deur ons Parlement herroep is) dat die NG Kerkverband 'n onderlinge vereniging of 'n genootskap (voluntary association) is; m.a.w. ons howe handhaaf die genootskaplike kerkbegrip, die lieflingskind van die kollegiale kerkreg. As gereformeerde kan ek my ten ene male nie met die genootskaplike kerkbegrip vereenselwig nie. Dit het ek immers in die Voorwoord van my proefskrif duidelik gestel.

2. *B S sê dat Fourie 'n sigbare eenheidskerk met kerkverband of sinode vereenselwig.* Ek erken dat die hele sinkonstruksie sowel as die bedoeling nie vir my helder is nie. In elk geval, ek weet nie wie hieraan skuldig is nie. Om kerkverband en sinode met mekaar te vereenselwig, is tog 'n teken van gebrek aan begripsonderskeiding. Ek het hierdie saak in my proefskrif probeer stel, en is van oordeel dat die volgende konstruksie in geen opsig probleme vir die kerklike lewe inhou nie: 'n Gemeente is 'n verband van gelowiges in Christus, en die orgaan van die gemeente is die kerkraad.

'n Groep gemeentes word saamgevoeg in 'n ringsverband, en die orgaan van die ringsverband is die ringsvergadering. 'n Groter groep gemeentes word verenig in 'n sinodale verband, en die orgaan van die sinodale verband is die sinode. Verskillende kerke word verenig in 'n algemene sinodale verband, en die orgaan van die algemene sinodale verband is die Algemene Sinode. 'n Vereenselwiging van 'n gemeente of die kerkverband met hul organe, is sowel kerkregtelik as juridies buite orde.

Ten slotte 'n stukkie goedbedoelde advies. Ek ys vir Roeleveld se stelling op p 32-33, naamlik dat die hele saak van kerkeiendomme hoofstuk 5 van die Kerkorde van die GKSA, "heroorweging verdien, ook vanuit die geestelike karakter van die gereformeerde kerkverband." Dit is duidelik dat Roeleveld die kerkregtelike siening van die Vrygemaaktes in Nederland propageer en as die ware gereformeerde siening van sake voorhou. Asseblief, moenie art. 5 verander nie; soos hy daar staan, is hy heeltemal in orde en veilig. Laat ons tog uit die sure ondervindinge van ander leer — sien Nauta se *Verklaring van de Kerkorde,* p 340 en verder. Wie kan die versekering gee dat 'n situasie soos in die geval van *Venter v Gereformeerde Kerkeraad,* Bethulie, 1879, OVS 4, nie in enige van ons Afrikaanse kerke herhaal sal word nie?

*B. SPOELSTRA ANTWOORD:*

'n Mens waardeer die vrymoedigheid en geleentheid wat D.F. skep om positief oor standpunte te redeneer. Dit lyk egter asof ons nie heeltemal op dieselfde golflengte ingestel is nie. Ek meen dat verskillende aksiomatiese uitgangspunte dit moeilik maak om deur te praat. D.F. handhaaf skynbaar M. Bouwman 1938 se radikale skeiding tussen plaaslike kerk en kerkverband (meerdere vergaderings). Hy haal Nauta iewers aan, wat na 1950 argitek was van 'n totaal nuwe Kerkordelike bedeling in GKN. Die bedeling laat reg geskied aan M. Bouwman, maar verskil m.i. radikaal van die kerkbegrip van die Dordtse Sinode, 1618/19. Die nuwere benadering gaan van 'n bipolêre plaaslike kerk en kerkverband uit.

Ek gee D.F. toe dat die aangehaalde sin van B.S. moeilik is om te verstaan, veral in die verband waarin ek dit gebesig het. Die kollegialisme reken gewoonlik met 'n abstrakte eenheid „Kerk" wat in plurale gemeentes sigbaar word. So is daar sê maar een NG Kerk in en agter die baie NG gemeentes. Hierdie „NG Kerk" is 'n abstraksie of idee NG Kerk (enkelvoud). Die gemeentes is egter sigbaar en konkreet. Die Sinode verteenwoordig egter in hierdie opvatting die *hele* of geheel van Kerk. Volgens my opmerking in die vorige uitgawe kon C.v.d.W. so 'n abstraksie of idee Kerk agter die eerste GKSA Rustenburg 1859 soek asof 'n CAGK van Nederland (of 'n NG of 'n NH „Kerk" minus gesange) in Rustenburg sigbaar geword het. Nog anders gesê: Postma moes dan in die gemeente 'n CAG-KERK gestig het. Ek het met die sinsnede probeer aantoon dat die begrip „ware kerk" in art. 29 NGb. nie op so 'n abstrakte kerkidee as kerkverband of kerkeenheid van „gemeentes" slaan nie, maar dat die suiwer bediening van Woord, sakramente en tug nie anders as in die „ware kerk", naamlik 'n gemeente, kan voorkom nie.

Roeleveld het na D.F. se vertolking van Voet verwys. D.F. sou kerkverband verkeerdelik as „'n eenheid in korporatiewe sin" verstaan (cit. R. p. 29). Dit word 'n „regspersoon". DF sou (cit. R. p. 32) op bl. 79 van sy proefskrif sê dat die GKSA „in sy onderskeie verbande korporatiewe eenhede is", d.w.s. 'n kerk wat uiteenval in gemeentelike, klassikale, sinodale regspersone. Vir DF is die regspersoon, bv. sinode dus permanent (cit. R. p. 33). 'n Gemeente sou nie kon uittree uit „kerkverband" nie. Hy sou ophou om te bestaan, 'n

nuwe „kerkverband" word, indien hy met die „kerkverband" breek (cit. R. p. 34). Ek meen dat indien R vir DF korrek aangehaal het, my opmerking wat DF aanhaal volkome in die kol is. Agter die sogenaamde „plaaslike kerk' of gemeente reken DF met 'n identiteitgewende „kerkverband" as abstrakte kerkidee. Die „gemeente" is dan volgens DF vir sy bestaan en karakter van hierdie (sinodale-) korporatiewe eenheid of kerkverband afhanklik. Dit is m.i. 'n onbetwisbare kenmerk van die kollegialisme.

Ek sou te wyd loop om alle verskilpunte wat ek aanvoel te probeer ontleed en motiveer. Ek lig slegs kursories die volgende uit:

1. DF se *kerkbegrip* is vir my onverstaanbaar. Hy sê dat 'n gemeente 'n vergadering van gelowiges is. Volgens die Skrif en Konfessie is gemeentes vir gereformeerdes *kerk* (vgl. NGb. art. 28, 29). Dié kerk of gemeente word geregeer en versorg deur drie dienste (NGb. art. 30, 31). Die „regeerders" kan beperkte „ordinansies" met die oog op die „kerk" instel (art. 32 NGb). DF praat nou egter in par. 2 van „groep gemeentes", „groter groep gemeentes" en uiteindelik „verskillende kerke". Is 'n „groep gemeentes" ook kerk? Is die „groep" 'n bepaalde struktuur naas die gemeentes? Waarom verander DF die begrip „gemeente" na „kerke" tussen sy sinodale en algemene sinodale verbande? Wat is hierdie begrip „sinodale verband" anders as 'n kollegialistiese oorkoepelende „kerk"? Ek meen dat ek gelees het dat DF teen een NG Algemene Sinode wat swart, bruin en Indiër Kerke sou insluit, gekant was omdat dit van „verskillende kerke" *een kerk* sou maak (vgl. polemiek Die Kerkbode, Dirk Fourie, J. D. Vorster e.a.)

2. Wat verstaan DF presies onder „kerkverband"? Hy gebruik die term as 'n substansiële eienaam, terwyl dit m.i. 'n relasionale begrip is.Hy kan „kerkverband" gevolglik teenoor die „gemeente" verselfstandig en selfs in rings- en sinodale verbande vermenigvuldig. Wanneer ons egter van „gesin" en „gesinsverband" of van „volk" en „volksverband" praat, kan ons nooit die gesinsverband los van en teenoor die gesin (of volk teenoor volksverband) stel nie. As relasiebegrip kan plurale kerke kragtens of in kerkverband, ring of sinode hou, maar 'n ring of sinode oorkoepel nie kerke as 'n kerkverband nie. Die wyse waarop DF „kerkverband" teenoor gemeente stel, laat my aanvoel dat „kerkverband" vir hom algemene kerk (vgl. H. G. Kleyn) is. DF sê: „Verskillende kerke word verenig in 'n algemene sinodale verband, en die orgaan . . . is die Algemene Sinode" en tog ontken hy dat hy daarmee kerkverband of sinode vereenselwig. Hy sê tog *kerke* word *verenig in sinode* en orgaan van die *verband* (eenheid?) is *sinode*. As dit nie alles op dieselfde neerkom nie, begryp ek nie wat DF bedoel nie. „Sinodale verband" is tog vir hom „kerkverband". Dan is Sinode tog Kerk, of hoe? En dit is 'n genootskaplike kerkbegrip.

3. DF neem die gemeente as „verband" (eenheid?) van gelowiges, d.w.s. die kerk (art. 27 tot 28 NGb). Hy ken aan die „verband" (Kerk) 'n *orgaan* toe. Hy lê met dieselfde skema verband tussen 'n „groep gemeentes" en „verskillende kerke" (verband as eenhid?) en

ken aan elke groepering as 'n eenheid soos 'n gemeente 'n *orgaan* toe. Val sinode- en gemeente-eenhede nie daarmee op dieselfde vlak van „kerk" nie? Die gestruktureerde groepering (genootskap?) is uitgangspunt en benodig 'n *orgaan*. Sy *orgaan* is elke keer ook weer *'n kollegium*, 'n vergadering. DF fundeer die kerkregering dus nie in die *presbiter-episkopos* of plurale *ouderlinge* van die Skrif nie, maar in die orgaan as kerkraad, ring of sinode (ook 'n collegium).
Daarmee vertrek hy vir sy kerkregering nie van Christus en die herders (presbiters) nie, maar van 'n orgaan vir 'n vereniging (wat hy „verband" noem). Dit is m.i. die uitgangspunt van enige genootskaplike samelewingsverband. Die bestuur is orgaan van die vereniging. Die vereniging delegeer sy bevoegdheid per konstitusie na die orgaan. Al wou hy het DF nie met die gesekulariseerde genootskaplike kerkbegrip uit die 18e eeu wat die howe toepas, gebreek nie. In die kollegialisme ontleen die „orgaan" sy bevoegdheid aan die struktuur wat hy verteenwoordig. In die Gereformeerde kerkregering kom volgens die Skrif die ouderlingskap uit die roeping tot diens deur Christus op. Calvyn sê die „ampsdraers" (en nie primêr kerkraad nie) is organe van Christus in sy kerk (d.w.s. gemeente).

4. DF se verselfstandiging van „ringverband" of „sinode" elk as permanente struktuur met 'n eie orgaan, verskil ook skerp van die vertrekpunt van die Gereformeerde kerkregering. Volgens Hand. 15 en die 16de eeuse kerkregering help plurale kerke mekaar in kerkregering kragtens hulle eenheid in leer, diens en tug. Die plurale kerke is permanent terwyl die sinode ('n klassis is ook sun-hodos, saam-op-weg wees) slegs die tydelike samekoms (vergadering) van plurale kerke was vir so lank die plurale kerke daar vergader. Die samekoms skep geen nuwe, afsonderlike, permanente buite die kerke bestaande struktuur en orgaan met 'n eie regspersoonlikheid teenoor die kerke nie. Die idee dat 'n sinode 'n struktuur is waarvoor die kerke deur afvaardiging „lede" kies, is aan die gereformeerde kerkregering vreemd maar eie aan die Reglement van 1816.

5. Indien DF nie kerkverband met ring en sinode vereenselwig nie, begryp ek ook nie waarom hy naas die gemeente verskillende vlakke van „kerkverbande" elk met eie organe onderskei nie. Ek verstaan ook nie waarom 'n „sinode" 'n groep „gemeentes" — maar die Algemene Sinode „verskillende kerke" verenig nie. Wil DF ontken dat die eienaardige konsep van Kaapse, Vrystaatse, Transvaalse, Swart, Bruin, Indiër NG Kerke aan die Skrif vreemd is en gevolg was van Sinodes 1824-1842 en Ordonnansie 7 van 1843?

*PROF./DR. L. ROELEVELD ANTWOORD*

*Die reaksie van Dirk Fourie bevat geen saaklike kontra-argumentasie. Ek sien daarom geen kans om daarop in te gaan. Hy verwys na sy artikels sonder om die inhoud daarvan aan te dui of selfs die stellings wat hy gemaak het. In sy bewering dat hy g'n voorstander van 'n genootskaplike kerkbegrip is, spreek hy homself teen, want met hand en tand verdedig hy die regspersoonlikheid van kerkverbande en wat is dit anders as die stelling dat kerkverband 'n kerk is? Vir diskusie in hierdie vorm is sy brief volgens my mening onryp. 'n*

*Ander punt is dat, terwyl die Tussenkerklike Kommissie aan die gang is, daar beter eers verder gepraat of geskryf kan word alvorens in 'n publikasie van wetenskaplike aard standpunt teen standpunt te plaas.*

Gereformeerde Ekumeniese Sinode. *The Church and its Social calling*. Grand Rapids, Michigan 1979 102bl.

In 1976 het die Gereformeerde Ekumeniese sinode (GES) begin met 'n studie oor die maatskaplike roeping van die kerk. Dit is gedoen deur 'n studiekommissie wat bestaan uit teoloë van ledekerke van die GES. Prof. Runia van die GKN was die eind-redakteur. Die doel van hierdie publikasie is om versprei te word onder die ledekerke van die GES vir verdere bestudering en optrede t.o.v. maatskaplike aangeleenthede.

Die publikasie is verdeel in vier hoofdele: Deel 1 handel oor al die tradisionele en huidige beskouinge in verband met die verhouding kerk en samelewing. Deel 2 behandel Bybelse gegewens in hierdie verband. In deel 3 word dit opgevolg met 'n uiteensetting waarin aandag gegee word aan die "sosiale" roeping van die kerk vandag en in deel 4 word die begrippe *verlossing, geregtigheid* en *bevryding* en die implikasies daarvan in die huidige samelewing behandel.

In sy geheel gesien is dit duidelik dat in hierdie studie gepoog word om die Skrif te laat spreek. Daarbenewens is die konklusies gebalanseerd en ewewigtig en sterk standpunt word ingeneem teen die radikalisme in die sosiologie en teologie van die WRK. Ook die GKN word, veral t.o.v. hulle 1975-rapport oor die PCR, tereggewys. Die geheelopset openbaar egter ook 'n merkbare leemte, nl.
dat die verloop van die argumentasie nie altyd logies is nie en dat teenstellings en weersprekings selfs voorkom. M.i. moet dit toegeskryf word aan die feit dat 'n kommissie die publikasies opgestel het.
Ander kritiekpunte:

In deel 1 waarin 'n oorsig gegee word van die alternatiewe teologiese modelle t.o.v. die verhouding kerk en samelewing word eerstens aandag gegee aan die anabaptistiese beskouing. Dit word aangetoon dat die kerk hierin gesien word as 'n pelgrim wat hom eintlik van die wêreld moet onttrek. Tereg word hierdie siening afgewys as on-Bybels. Daarna word die bekende beskouing van die Social Gospel behandel waarin baie klem gelê word op die solidariteit van kerk en samelewing. Die Pelagiaanse inslag van hierdie stroming word ontbloot en dit word beskryf as "gechristianiseerde humanisme". Dan word die Rooms-Katolieke corpus christianum ideaal bespreek waarin die hele samelewing verkerklik word. Hier kan die vraag egter gevra word: Is dit nog steeds die huidige Rooms-Katolieke beskouing? 'n Teoloog soos Guttierrez het reeds 'n heeltemal nuwe beskouing in Roomse kringe ingevoer. Dit blyk dat in die Reformatoriese teologie en hierdie publikasie die Rooms-Katolieke steeds beoordeel word soos hy was in die tyd van die Reformasie, terwyl weinig aandag gegee word aan huidige ontwikkelinge.

Vervolgens word die Reformatoriese beskouing behandel. Kerk en staat staan onder die Koningskap van Christus en die kerk is 'n hulp in die christelike lewe. Hierdie oorsig is m.i. ook te oorsigtelik, want geen melding word gemaak van die nuwere ontwikkelinge wat

deur o.a. Schulder gestimuleer is nie. Meer aandag word gegee aan die Lutheraanse twee ryke model waarin die terrein van die kerk (geloof) en staat (geregtigheid) geskei word. Ook hier kan gevra word: Is dié beskouing van Luther werklik nog die huidige Lutheraanse beskouing? Die pro-WRK radikalisme van Lutherse kerke toon dat die twee ryke model in daardie kringe erg verouderd is. Ook hier sal gelet moet word op nuwere ontwikkelinge. Ten slotte word in hierdie verband aandag gegee aan die siening van die sg. Evangelicals en die siening van die Bevrydingsteologie. Die evangelicals stel persoonlike verlossing as die primêre taak van die kerk, terwyl die bevrydingsteologie aan die ander kant die kerk primêr sien as instrument waardeur die Koninkryk van God in die wêreld deur die afbreek van onderdrukkende strukture gerealiseer moet word. Beide word tereg as eensydighede afgewys.

In Deel 2 word Bybelse gegewens in verband met die roeping van die kerk behandel. Tereg word die Koninkryk as vertrekpunt gekies. In hierdie uiteensetting word baie sterk aangeleun teen die werk van Ridderbos. Dit word baie duidelik gestel dat die Koninkryk groot implikasies het vir die samelewing in die tyd van die Nuwe Testament, maar dat dit nie 'n sosiale of politieke program bied nie. Ten diepste moet die mens sy nuwe lewe in Jesus Christus vind. Hierdie nuwe lewe impliseer egter 'n kritiese posisie t.o.v. die samelewing. Teen hierdie agtergrond word die roeping van die kerk geformuleer. Dit word beskryf as die plek waar die gawes van die Koninkryk ontvang word en as die vergadering van mense wat die Koninkryk moet dien en moet deelneem aan sy stryd. Die kerk is dus betrokke by die stryd van Christus in die wêreld. Hierdie taak moet spesifiek gekonkretiseer word en dit kan meebring dat die kerk ook in die samelewing betrokke moet wees. Onder die spesifieke take word gewys op die sendingtaak; die intree vir die wêreld deur gebed en die verwydering van onreg; diens en die onderrig van lidmate vir sosio-politieke en ekonomiese "sendingwerk".

Oor die "hoe" van die uitvoering van hierdie take is die argumente vaag. Die groot vraag is m.i. nie *of* die kerk 'n maatskaplike roeping het nie, maar *hoe* hy dit moet vervul.

Hieroor bied die publikasie te weinig inligting. Daar word wel verwys na Kuyper se gedagte van instituut/organisme, maar dit is ook nog baie teoreties en openbaar belangrike publikasie van die GES sy Achilles hiel soos ook uit Deel 3 blyk.

Deel 3 handel oor die "sosiale" roeping van die kerk vandag. Die uitgangspunt is dat historiese ontwikkelinge en veranderinge die rol van die kerk kan laat wissel tussen antitese en betrokkenheid. M.a.w. die samelewing bepaal grootliks die benadering of die "hoe" van die kerk. Dit is 'n gevaarlike stelling wat die direkte gevolg is van die leemte van die vorige deel. As die benadering van die kerk bepaal word deur die samelewing dan maak dit die roeping van die kerk baie plooibaar en dit is presies wat in die afgelope tyd in die WRK aan die gang is. Daarom moet dit weer beklemtoon word dat die Gereformeerde teologie duidelik Bybelse riglyne sal moet stel oor die benadering van die kerk t.o.v. die samelewing. Anders gaan die GES dieselfde deformatoriese pad van die WRK bewandel.

Om dan die benadering van die kerk te bepaal word vervolgens eers aandag gegee aan die wêreld. Hoe lyk die wêreld? Dit word beskryf as 'n globale wêreld met 'n sterk internasionalistiese gees, 'n gesekulariseerde wêreld, 'n teleurgestelde ontnugterde wêreld, 'n wêreld op soek na vrede en sosiale geregtigheid, 'n gedemokratiseerde wêreld en 'n wêreld met verskillende lewensbeskouings. Teen die agtergrond word dan gesê dat die kerk 'n alternatiewe gemeenskap moet wees m.a.w. 'n voorbeeld van vrede, rasseharmonie ens. Wat die wêreld is, moet die kerk nie wees nie. Die benadering van die kerk word dus geformuleer op grond van die vraagstukke van die samelewing. Die gevolg daarvan is dat soos die vraagstukke verander, verander die benadering van die kerk. Soos reeds gesê, is hierdie standpunt onhoudbaar.

Deel 3 lê ten slotte klem op prediking, kategese, pastoraat, kerklike getuienis, d.m.v. verklarings en omvattende diakonale werk op plaaslike nasionale en internasionale vlak as antwoord op die vraagstukke van vandag. Ook die taak van die gelowige word meer konkreet in hierdie konteks uitgespel. Hierdie deel hoort eintlik meer by die prinsipiële gedeelte op bls. 21-26 tuis. Indien dit daar duideliker prinsipieel uitgewerk was sou dit meer bygedra het tot die Bybelse karakter van hierdie publikasie.

Deel 4 gee vanweë die belang van die begrippe *verlossing, geregtigheid* en *bevryding* in die teologie vandag daaraan baie aandag. Die sg. Exodusmotief word behandel en daar word gewys op die verband tussen verlossing en bevryding. Op bl. 70 word egter duidelik gewaarsku teen die tendens om die bevryding eensydig polities te verklaar. Baie klem word ook gelê op die eis tot geregtigheid soos veral deur die profete gestel. Die begrippe „verlossing", „bevryding" en „geregtigheid" dra sterk motiewe, maar het meer as 'n politieke inhoud. Dit gaan eerstens om verlossing en daarop is bevryding en geregtigheid gebou.

In die N.T. word die begrip „verlossing" (volgens hierdie publikasie) in tweërlei betekenisse gebruik. Dit het geestelike en komiese betekenis, met vertikale en horisontale dimensies. En die essensie daarvan is versoening met God en mens. Die primêre is egter die vertikale en die geestelike. Daardeur word die horisontale en die kosmiese bepaal. Hierop is ook die N.T. begrip van „geregtigheid" gebou. Dit is beide God se gewilligheid om tot die mens te kom en norm vir die daad van die mens tot God en naaste. Die begrip bevryding het in die N.T. glad nie 'n politieke konnotasie nie. Die publikasie beklemtoon dit sterk. Dit is 'n term wat uitsluitlik wys op vrymaking van die sonde en die dood. Op hierdie punt word intensiewe kritiek teen die bevrydingsteoloë en die WRK gelewer. Hierdie uiteensetting van die begrippe *verlossing, bevryding* en *geregtigheid* is baie verhelderend en ewewigtig en die vrug van grondige eksegese.

Die publikasie moet in sy geheel verwelkom word. Veral omdat dit, tussen alles wat vandag oor hierdie onderwerp verskyn, vir die Skrifgelowige die mees aanvaarbare is. Die werk wat hierin gedoen is kan ontwikkel word tot 'n duidelike prinsipiële uiteensetting van kerk-wees en geformeerd-wees in die wêreld van vandag.

*J. M. VORSTER*